higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIE SUID-AFRIKAANSE GESONDHEIDSORGSTELSEL
NKR VLAK 2

12 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 1.1.1 D
1.1.2 A
1.1.3 B
1.1.4 C
1.1.5 D

(5 × 1) (5)

1.2 1.2.1 Voorgeboortelike sorg is sorg wat aan swanger vroue gegee word✓ vanaf bevrugting tot die geboorte van die baba.✓ (2)

1.2.2 Nageboortelike sorg is sorg wat ná die geboorte van die baba gegee word,✓ insluitende gesinsbeplanning.✓ (2)

1.2.3 Vyf dae per week (1)

1.2.4
- BCG (Bacilles Clamette-Guerin)
- OPV (polio-slukentstof)
- RV1 (rotavirus)
- DTaP-IPV (tetanus, witseerkeel, kinkhoes, polio)
- HBV 1 (hepatitis)
- PCV7 (pneumokokkus)
- Masels
- Haemophilus influenzae Tipe B (Enige 4 × 1) (4)

1.2.5 Koelkas om die entstowwe te berg (2)

1.3 1.3.1
- Billikheid verseker dat niemand van gesondheidsdienste ontneem word nie.
- Almal moet dieselfde behandel word.
- Daar moet dieselfde vlak van sorg in alle klinieke wees.
- Daar mag geen diskriminasie op grond van ouderdom, geslag of ras wees nie.
- Niemand mag behandeling geweier word nie. (Enige 4 × 1) (4)

1.3.2
- Gemeenskapsdeelname fokus spesifiek op hoe die gemeenskap gesondheidsorg kan help bevorder, terwyl tussensektorale samewerking verwys na hoe die verskillende dienste die pasiënt kan help.
- Gemeenskapsdeelname verwys na die gemeenskap wat eienaarskap neem van die gesondheidsorgdienste wat aan hulle gebied word. Die gemeenskap moet betrokke wees by kwessies wat hul omgewing beïnvloed.
- Tussensektorale samewerking verwys na die regering en die privaat sektor wat saamwerk. (Enige relevant 3 × 2) (6)

1.3.3
- Die gesondheidswerkmag verwys na al die mense wat in die gesondheidsorgstelsel werk.
- Alle gesondheidswerkers moet behoorlik opgelei word om hul spesifieke plig uit te voer. (Enige relevant 2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 2

2.1



(Aanvaar enige toepaslike diagram, mits die vlakke in die korrekte volgorde is.)

(3 × 2) (6)

2.2

2.2.1	Onwaar
2.2.2	Onwaar
2.2.3	Onwaar
2.2.4	Waar
2.2.5	Waar
2.2.6	Onwaar
2.2.7	Waar
2.2.8	Onwaar
2.2.9	Waar
2.2.10	Waar

(10 × 1) (10)

2.3

- Dit ontwikkeling van gesondheidsbevorderingsaktiwiteite om gesonde leefwyses in ’n gesonde omgewing te bevorder, is ’n belangrike doelwit, want mense moet opgevoed word oor die gesondheidstelsel.
- Dit is belangrik om gesondheidsverwante inligting te verskaf sodat ons die oordragskoers van siektes kan verlaag.
- Gemeenskappe moet verantwoordelike seksuele gedrag aanmoedig en bewustheid skep oor seksueel oordraagbare infeksies, MIV en vigs.
- Daar is siektes wat nie oordraagbaar is nie maar met die regte inligting voorkom kan word. (Enige relevant 4 × 1) (4)

2.4

- Almal word dieselfde behandel om te verseker dat dienste billik is.
- Dit behels om seker te maak die gemeenskap gebruik die gesondheidsdienste wat vir hulle beskikbaar is.
- Dit verseker dat gesondheidsorg toegangklik is vir die mense wat dit benodig.
- Almal moet weet op watter gesondheidsdienste hulle geregtig is wanneer hulle gesondheidsorgdienste benodig.
- Hy het nie toegang tot gesondheidsorg nie en geen van die gesondheidsorgdienste is aan hom verduidelik nie.

(Enige relevant 5 × 2) (10)
[30]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 ’n Belanghebbende is ’n persoon of groep✓ wat ’n direkte of ’n indirekte belang✓ in ’n organisasie het.✓ (3)

3.1.2

STAATSBELANGHEBBENDE	AARD VAN BELANG
Departement van Hoër Onderwys en Opleiding	Opvoeding en opleiding van gesondheidswerkers
Departement van Gesondheid	Beplanning en verskaffing van gesondheidsdienste
Departement van Finansies	Befondsing vir opvoeding van gesondheidswerkers OF befondsing van nasionale gesondheidsdienste

(3)

3.1.3 ’n Statutêre liggaam is ’n liggaam wat spesifieke gesondheidsprofessies✓ ingevolge die Parlementswet registreer✓ en beheer.✓ (3)

3.1.4
- Die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging is ’n statutêre liggaam wat ’n register van alle geregistreerde verpleërs byhou.
- Hulle verseker dat instellings gehalte-opvoeding aan verpleërs verskaf.
- Hulle verseker dat verpleërs bekwaam is in die werkplek.
- Hulle lê straf op as ’n verpleër die gedragskode oortree.
- Hulle ontvang, ondersoek en hanteer klagtes wat deur klinieke en hospitale ontvang is.

(Enige relevant 3 × 1) (3)

3.2

DIENS VERSKAF		OMVATTENDE GESONDHEIDSORGBEGINSELS			
		BEVORDERENDE SORG	**VOORKOMENDE SORG**	**GENESENDE SORG**	**REHABILITERINGSORG**
3.2.1	Seksueel oordraagbare infeksies	Verspreiding van kondome	• Opspoor van seksmaats • Gesondheidsopvoedingspraatjies • Pamflette oor gevare van seksueel oordraagbare infeksies (Enige EEN)	Behandeling	Opvolging
3.2.2	Behandeling van chroniese siekte	Gesondheidsopvoeding	• Advies oor dieet • Advies oor oefening (Enige EEN)	Behandeling	Opvolging
3.2.3	Kindergesondheidsdienste	• Monitering van groei • Inenting (Enige EEN)	• Advies oor voeding van babas • Advies oor voeding tydens siekte • Opvoeding oor versorging van babas (Enige EEN)	Behandeling	Opvolging

(Enige relevant 4 × 3) (12)

3.3
- Etiek definieer die pligte en morale wat gesondheidsorgverskaffers moet volg.
- Gesondheidsorg gaan oor die voorkoming van siektes, dus is daar ’n belangrike verhouding tussen die gesondheidsorgverskaffer en die pasiënt.
- Hierdie verhouding moet reëls hê, wat die etiek is wat gesondheidsorgverskaffers moet volg.
- Etiek verseker die publiek dat die gesondheidswerker gehaltegesondheidsorg sal lewer.
- Dit beteken ook dat gesondheidsorgverskaffers ’n morele verantwoordelikheid teenoor hul pasiënte het. (Enige 3 × 2) (6)

[30]

VRAAG 4

4.1 4.1.1
- 'n Bepaalde geografiese gebied
- 'n Bepaalde bevolking
- Hanteerbare grootte
- Alle sektore werk saam
- Georganiseerde staatseenheid
- Skakel tussen regering en gemeenskap (Enige 3 × 1) (3)

4.1.2
- 'n Goed gedefinieerde deel van 'n provinsie
- Primêre gesondheidsorg word in hierdie distrik gelewer
- Een gesondheidsgesag in gesondheidsdistrik
- Besluite oor gesondheidsorg word op hierdie vlak geneem
- Gemeenskappe het 'n sê in hul gesondheidsorg (Enige 3 × 1) (3)

4.1.3 Nasionale Gesondheidswet,✓ Wet 61 van 2003✓ (2)

4.1.4
- Lewering van omvattende en geïntegreerde dienste
- Gedesentraliseerde bestuur van dienste
- Skepping van doeltreffende verwysingsmeganismes
- Beplanning en bestuur van dienslewering
- Lewering van sorg
- Opsie om dienste te koop
- Doeltreffende benutting van alle distrikshulpbronne van enige sektor (7 × 1) (7)

4.1.5
- Stad Kaapstad
- Overberg
- Tuinroete
- Kaapse Wynlande
- Weskus
- Sentraal-Karoo (6 × 1) (6)

4.2 4.2.1 Desentralisering verseker dat alle burgers✓ in elke deel van die land✓ toegang tot omvattende primêre gesondheidsorg het.✓

4.2.2 Gesondheidsdienste moet nuttig wees✓ om siektes te voorkom✓ en 'n gesonde leefstyl aan te moedig.✓

4.2.3 Gesondheidsinfrastruktuur en -toerusting✓ moet 'n lang lewensduur hê✓ en gesondheidsdienste moet vir lank volhoubaar wees.✓ (3 × 3) (9)

[30]

VRAAG 5

5.1 5.1.1 D
5.1.2 C
5.1.3 E
5.1.4 A (4 × 1) (4)

5.2 5.2.1
- Gesondheidsopvoeding is belangrik, wat dit gee vir mense die kennis om hulself veilig te hou.
- Gesondheidsopvoeding gee vir mense inligting oor hul siekte en hoe om dit te behandel.
- Gesondheidsopvoeding verhoed die verspreiding van siektes.

(Enige relevant 2 × 2) (4)

5.2.2
- TB/Tuberkulose
- MIV
- Diarree (Enige relevant 3 × 1) (3)

5.2.3
- Die inspan van navorsing verwys na die uitvoer van navorsing oor verskillende siektes wanneer hulle hul verskyning maak.
- Inligting gaan oor die inwin van kennis oor die siektes.
- Bewyse word gehou oor die gevolge van die siektes.
- Dit sal help om mense teen siektes te beskerm.

(Enige relevant 3 × 1) (3)

5.3
- Sosio-ekonomiese faktore sluit werkskepping en behuising in.
- Wanneer mense nie toegang tot werk en behuising het nie, is daar ’n groter risiko van gesondheidskwessies.
- Dit sluit ook die geboortekoers, sterftekoers en migrasie van landelike na stedelike gebiede in.
- Dit het ’n uitwerking op die hoeveelheid gesondheidsorg wat in stedelike gebiede nodig is.
- Hoe meer mense daar in ’n gebied is, hoe meer mense is daar met ’n behoefte aan gesondheidsorg wat gratis is vir alle burgers.
- Hoë werkloosheidsyfers beteken hoër armoedekoerse en afhanklikheid van die regering vir gesondheidsorg. (Enige relevant 6 × 1) (6)

5.4
- Die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 2 van 2000, verseker dat pasiënte inligting oor hul siektes en behandeling ontvang.
- Dit beskerm pasiënte se reg op privaatheid.
- Dit verseker dat alle burgers bewus gemaak word van enige gesondheidskrisisse en hoe om dit te hanteer.
- Hierdie wet help ook om te verhoed dat siektes versprei deur te verseker dat almal toegang tot die regte inligting het. (Enige relevant 4 × 1) (4)

5.5
- Gratis gesondheidsorg✓ vir swanger vroue✓ en kinders onder die ouderdom van ses jaar✓
- Universele toegang✓ tot primêre gesondheidsorg✓ vir alle Suid-Afrikaners✓ (2 × 3) (6)

[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou